

## REDAKSIONEEL

### 'n Behoeftte aan gesprekvoering en vakvernuwing onder historici

Die Redaksie wou graag 'n volledige bundel met die reaksie van ons buurwetenskappe op geskiedenis se verhouding tot hulle, soos gepubliseer in September 1982 en Mei 1983, uitbring, maar daar is nie betyds deur almal op ons uitnodigings, selfs na 'n aanmaning gereageer nie, hoewel onderneem is om stukke voor te lê. Ons gaan dus na die drukker met 'n onvolledige bundel. Sou van genoemde artikels ons bereik, sal dit in die September-uitgawe moet verskyn.

Die doel van die Historiese Genootskap was om 'n interdisiplinêre gesprek te stimuleer. Die traagheid om te reageer, ook van die kant van historici, toon dat daar nog onvoldoende behoefte aan gesprekvoering tussen die geestes- en sosiale wetenskappe bestaan, wat 'n verontrustende verskynsel is. Die vraag of geskiedenis 'n geestes- of sosiale wetenskap is, behoort in die lig van ons nuwe samelewing en die nuwe neigings in die geskiedwetenskap tot lewendige debat aanleiding te gee, net soos ook die bekommernis oor die kwynende posisie van geskiedenis tussen sy sosiale buurwetenskappe. Is die gebrek aan diskussie nie 'n teken van 'n sekere mate van belangeloosheid by die professionele historici oor die posisie van hulle vak nie? Of moet 'n mens aanneem dat die konvensionele historikus teoreties onvoldoende onderlê is om gesprek te voer? Sal ons wetenskap vooruitgaan as sake op stilstand, ja selfs stagnasie dui?

Die tradisionele historikus word al langer as tien jaar uitgedaag om standpunt teenoor die opkomende radikale historici en verwante vakwetenskaplikes in te neem. Dié het terreine betree waarvan menige ortodokse historikus nog nie eens kennis geneem het nie. Hoe sal ons skool- en universitêre leergange gemoderniseer kan word as ons historici nie nuwe terreine betree wat deur die snelle veranderinge in ons industrieel-tegnologiese samelewing aan ons voorgeskuif word nie? Ons dink aan verskynsels van bo-individuele en kollektiewe aard wat nie meer toereikend deur die tradisionele verstaanmetode van dokumente-ontleding benader kan word nie. Ons het met nuwe historiese verskynsels te doen wat interdisiplinêre benadering vereis, en dié sal nie aangedurf kan word as die historikus nie sy veld van ondersoek en sy tradisionele metode verruim nie. Ons geskiedwetenskap mag nie by ander lande agterstaan bloot omdat ons staatkundig en kultureel geïsoleer word nie. Besoeke aan oorsese inrigtings en uitnodigings aan moderne vakmanne om hier te doseer kan bevrugtend op ons wetenskap inwerk, en ons help om ons studente in die moderne metodes en studieveldde in te lei. Niemand sal ontken nie dat grondige hersiening binne ons historiese bedryf noodsaaklik geword het.

### Buitelandse historici

In 1983 het prof R G Weisbord van Rhodes Island-Universiteit 'n voorlesing oor "America's Racial Dilemma" aan die Universiteit van Pretoria gehou.

Dr Jan Goris van Herentals, België het in 1983 'n voorlesing voor geskiedenisstudente oor "België en die Boererepublieke" gehou. Dit is gebaseer op sy Doktorale proefskrif wat onder soortgelyke titel in België gepubliseer is. 'n Resensie word in *Historia* opgeneem.

In hierdie uitgawe verskyn 'n voorlesing van prof A E Imhof wat in 1983 gasdosent in Suid-Afrika was. Dit gee ons insig in hoe die rekenaar ingespan kan word om tot gevolgtrekkings oor mediese geskiedenis te geraak. Dit is 'n tipiese voorbeeld van

die nuwe soort tematiek en metodiek in die geskiedskrywing wat tans in Europa in swang is.

### In memoriam

**Allen Kieser** (Beaufort-Wes 12-11-1904 — Nylstroom 7-5-1983)

Dr A Kieser het aan die Beaufort-Wes-Hoërskool gematrikuleer en 'n BA in 1924 aan die Universiteit van Stellenbosch behaal waarna hy 'n jaar lank skoolhou. In 1927 tree hy tot die Kaapse Argiefbewaarpark toe en word in 1930 argivaris in Bloemfontein. In 1953 word hy Hoofargivaris vir die Unie en in 1962 Direkteur van Argiewe van die RSA, wat hy tot met sy aftrede in 1969 bly. In 1936 het Kieser 'n MA aan UOVS verwerf met 'n dissertasie oor *Doeanekwessies tussen die OVS en die Kaapholonie, 1843—1889* en in 1939 'n D Phil-graad met as proefskrif *President Steyn in die Krisisjare 1896—1899*, wat later gepubliseer is. Hy lewer ook 'n pleidooi met 'n boekie, *Ons Dokumente* met die doel om ons geskrewe erfenis te bewaar en werk mee aan *Drie Eeue, die Verhaal van ons Vaderland* wat onder redaksie van dr A Beësen en D W Krüger in 1952 uitgebring is.

Dr Kieser se belangrikste bydrae tot die wetenskap van die geskiedenis was die veranderinge wat hy in die argiefwese gedurende sy direkteurskap aangebring het. Onder sy invloed is die Argiefwet van 1922 in 1962 gewysig vir die inhoud waarvan hy verantwoordelikheid dra. Ook het hy Argief-eksamens ingestel wat 'n deeglike teoretiese en praktiese voorbereiding van argiefamptenare geverg het. Hy het die argiefbindery verbeter en 'n publikasie-afdeling vir die uitgawe van dokumente gevestig wat navorsers tegemoet gekom het. Terwyl daar in 1954 in totaal 56 argiefamptenare was, het dit onder dr. Kieser se leiding in 1969 tot 126 vermeerder. Hy het hom ook beywer vir 'n aparte Argiefgebou (wat nog steeds nie opgerig is nie) en nuwe idees oorsee in verband daarmee ingesamel. Dr Kieser het 'n aktiewe aandeel in die historiese verenigingslewe geneem, was o a voorsitter van die Suid-Afrikaanse Oorlogsgrafteraad, lid van die Historiese Monumentekommissie, die Raad vir Heraldiek en voorsitter van die Vereniging van Argivarisse. Talle historiese artikels het uit sy pen gevloei. Hy het die argiewe nader aan die publiek gebring en dit meer toeganklik vir navorsers gemaak.

**Hendrik Bernardus Thom** (Flaauwkraal 13-12-1905 — Stellenbosch 4-11-1983)

Prof H B Thom het op Burgersdorp gematrikuleer en in 1926 die BA-graad aan die Universiteit van Stellenbosch *cum laude* behaal, waarop hy in 1928—29 aan die Friedrich Wilhelmsuniversiteit van Berlyn o l v Friedrich Meinecke studeer en by Hermann Oncken en Werner Sombart klaskloop. In 1930 volg hy kursusse aan die Sorbonne in Parys by Ch Seignobos en prof Hauser. In 1930 promoveer Thom aan die Universiteit van Stellenbosch o l v prof W Blommaert oor *Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika* (1936), bring *Willem Stephanus van Ryneveld se Aanmerkings* as bronnepublikasie in 1942 uit en in 1949 *Die Geloftekerkerk* wat oor die Groot Trek handel. Sy magnum opus was *Die lewe van Gert Maritz* (1947) wat 'n hoogtepunt oor die Groot Treknavoring en die biografie in Afrikaans was. Van 1952 tot 1957 bring Thom 'n driebundige, geannoteerde *Daghregister van Jan Riebeeck* uit, wat as 'n hoogtepunt in bronsversorging gesien kan word. In 1980 het Thom sy bewondering vir dr D F Malan in 'n boek oor dié figuur uitgebring. Op grond van sy geskiedkundige meesterskap is die S A A W K se Stalsprys vir geskiedenis in 1952 aan hom toegeken. Hy was aktief in die Argiefkommissie (voorsitter 1950—55), SABRA (voorsitter), die

Historiese Monumentekommissie, die Van Riebeeckvereniging, die Krugersterfhuiskommissie, die Stigting Simon van der Stel en voorsitter van die FAK. In 1954 het prof Thom rektor van die Universiteit van Stellenbosch geword en dit tot 1969 met sy aftrede gebly, maar in 1983 die kanseliarskap op hom geneem. Na sy aftrede het Thom voorsitter van die Nasionale Onderwysraad geword, en die belange van skool en universiteit daardeur gedien.

Deur sy ywer saam met prof J L M Franken, het die *Argiefjaarboek* wat vandag nog verskyn, in 1938 tot stand gekom. Studente wat oor 'n tydperk van byna 20 jaar onder sy leiding gestudeer het, het met groot waardering gewag gemaak van sy wetenskaplike deeglikheid en historiese vakmanskap. Talle van sy doktorale studente het later departementshoofskappe aan verskillende universiteite beklee. Prof D J Kotzé getuig van hom: "Noukeurig, presies, sistematies, objektief, met 'n liefde en belangstelling in die Geskiedenis wat onwillekeurig aan studente oorgedra is, besielend, hulpvaardig, nie 'n eensydige historikus nie, maar een met 'n goeie balans." Thom was 'n kind van sy tyd wat onder die invloed van die Eeufeesjaar 1938, 'n volksgerigte geskiedenis verkondig het, maar op objektiewe grondslag. Op jaarvergaderings van die Historiese Genootskap het hy die waarde van geskiedenis op skool as intellektueel en volksvormend beklemtoon. Thom sal onthou word as een van die grondslagleggers van die geskiedwetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch, 'n man wat volgens P J van Winter aan die Suid-Afrikaanse geskiedbeoefening 'n internasionale standaard besorg het. Hy het 'n aantrekkingskrag geword vir Doktorale studente oor die hele land en die wetenskap van die geskiedenis in Afrikaans op 'n hoër peil gebring as wat dit voor hom was.

F A van Jaarsveld  
*Hoofredakteur*